Wes-Kaapse Regering

# KRITERIA VIR DIE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT- (NSS-) TOEKENNINGS VIR 2023

## A. TOEKENNINGS AAN SKOLE

### KATEGORIE 1: SKOLE WAT DIE GROOTSTE VERBETERING GETOON HET

Alle skole in hierdie kategorie sal ’n sertifikaat ontvang.

**Kategorie 1a: Openbare skole wat die grootste verbetering getoon het**

Toekennings sal gemaak word aan TIEN skole met 30 of meer kandidate wat konsekwent die grootste verbetering in hul slaagsyfers oor die tydperk van 2021 tot 2023 getoon het. Die kriteria sluit ook konsekwentheid in die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2021 tot 2023 in, waar die getal kandidate wat in 2023 geskryf het, nie minder as 90% van die gemiddelde getal kandidate wat in 2021, 2022 en 2023 geskryf het, mag wees nie.

**Kategorie 1b: Tegniese hoërskole wat die grootste verbetering getoon het**

Toekennings sal gemaak word aan EEN tegniese hoërskool of EEN hoërskool wat ’n tegniese baan aanbied en wat konsekwent die grootste verbetering in hul slaagsyfers vir die tydperk van 2021 tot 2023 (minimum inskrywing van 30 kandidate) getoon het. Die kriteria sluit ook konsekwentheid in die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2021 tot 2023 in, waar die getal kandidate wat in 2023 geskryf het nie minder as 90% van die gemiddelde getal kandidate wat in 2021, 2022 en 2023 geskryf het, mag wees nie.

**Kategorie 1c: Grootste toename in die persentasie kandidate wat universiteitstoelating vir 'n baccalaureusgraad behaal het**

Toekennings sal gemaak word aan TIEN skole met 30 of meer kandidate met die grootste toename in die persentasie kandidate vir die tydperk 2021 tot 2023 wat universiteitstoelating gekry het en vir ’n baccalaureusgraad mag inskryf. Die kriteria sluit ook konsekwentheid in die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2021 tot 2023 in, waar die getal kandidate wat in 2023 geskryf het, nie minder as 90% van die gemiddelde getal leerders wat in 2021, 2022 en 2023 geskryf het, mag wees nie.

**Kategorie 1d: Grootste toename in die slaagsyfer van 2022 tot 2023**

Toekennings sal gemaak word aan VYF gewone openbare skole met 80 of meer kandidate wat die grootste toename in hul slaagsyfer getoon het wanneer hul slaagsyfer vir 2023 met 2022 se slaagsyfer vergelyk word.

**Kategorie 1e: Grootste toename in slaagprestasie**

Toekennings sal gemaak word aan VYF gewone openbare skole met 80 of meer kandidate wat die grootste toename in slaagprestasie getoon het wanneer hul slaagsyfer vir 2023 met 2022 se slaagsyfer vergelyk word, tesame met 'n toename in die getal kandidate wat die eksamen in 2023 afgelê het teenoor die getal kandidate in 2022. *(Elk van die twee kriteria dra 50% van die gewig.)*

**Kategorie 1f: Grootste persentasietoename in die algehele getal onderskeidings in vakke**

Toekennings sal gemaak word aan VYF gewone openbare skole wat die grootste persentasietoename getoon het van kandidate wat van 2022 tot 2023 onderskeidings in vakke behaal het.

**KATEGORIE 2: VERBETERING EN UITNEMENDHEID IN INDIVIDUELE VAKKE**

Alle skole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.

**Kategorie 2a: Verbetering**

**Verbetering in Wiskunde**
**Verbetering in Fisiese Wetenskappe**

Dit word toegeken aan EEN skool in die provinsie wat die hoogste puntetelling behaal het as die volgende faktore saamgevoeg word: 'n verandering in die persentasie kandidate in die groep wat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe neem, 'n verandering in die slaagsyfer vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe, en 'n verandering in die vakgemiddelde vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. (*Alle kriteria dra dieselfde gewig en minimum inskrywing van 30 kandidate per vak*.)

**Verbetering in Engels Huistaal**
**Verbetering in Afrikaans Huistaal**
**Verbetering in Xhosa Huistaal**

Dit word toegeken aan EEN skool in die provinsie wat die grootste verbetering in die gemiddelde vir Engels Huistaal, Afrikaans Huistaal en Xhosa Huistaal in 2023 getoon het in vergelyking met hul vakgemiddelde in 2022. Minimum inskrywing van 30 kandidate per vak word vereis.

**Kategorie 2b: Uitnemendheid**

**Uitnemendheid in Wiskunde**
**Uitnemendheid in Fisiese Wetenskappe**

Dit word toegeken aan EEN skool in die provinsie wat die hoogste puntetelling behaal het as die volgende faktore saamgevoeg word: die persentasie kandidate in die groep wat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe neem, die slaagsyfer vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe, en die

vakgemiddelde vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. (*Alle kriteria dra dieselfde gewig en minimum inskrywing van 30 kandidate per vak*.)

**Uitnemendheid in Engels Huistaal**
**Uitnemendheid in Afrikaans Huistaal**
**Uitnemendheid in Xhosa Huistaal**

Dit word toegeken aan EEN skool in die provinsie wat die hoogste slaagsyfer in Engels Huistaal, Afrikaans Huistaal en Xhosa Huistaal in 2023 en die hoogste gemiddelde in Engels Huistaal, Afrikaans Huistaal en Xhosa Huistaal behaal het. (*Elk van die twee kriteria dra 50% van die gewig en minimum inskrywing van 30 kandidate per vak.*)

**KATEGORIE 3: UITNEMENDHEID IN AKADEMIESE PRESTASIE**

Toekennings in hierdie kategorie word gemaak aan skole in die provinsie (onafhanklike skole ingesluit) wat uitnemende akademiese uitslae in 2023 behaal het. Hierdie toekennings word gebaseer op 'n reeks kriteria soos in elke subkategorie aangedui word.

**Kategorie 3a: Tegniese hoërskole (een of meer skole)**

Alle tegniese hoërskole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.
'n Maksimum van drie skole sal in hierdie kategorie aangewys word.

| No. | Hoofaanwyser | Berekeningsmetode | Gewig |
|---|---|---|---|
| **i** | Algehele slaagsyfer-persentasie | Getal kandidate wat 'n slaagsyfer behaal het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | **20%** |
| **ii** | Slaagsyfer-persentasie in Wiskunde | Getal kandidate in Wiskunde en Tegniese Wiskunde wat 30% en hoër behaal het/Algehele getal kandidate in Wiskunde en Tegniese Wiskunde wat eksamen geskryf het x 100 | **20%** |
| **iii** | Gemiddelde slaagsyfer van tegniese vakke | Getal kandidate wat tegniese vakke geslaag het/Algehele getal kandidate wat tegniese vakke geskryf het x 100 | **45%** |
| **iv** | Deurvoersyfer | Huidige graad 12-kandidate wat vir die eksamen geregistreer het en wat geslaag het/Graad 10-groep (twee jaar gelede) x 100 | **10%** |
| **v** | Persentasie wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf | Getal kandidate wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | **5%** |

**Kategorie 3b: Skole wat tegniese vakke bevorder (een of meer skole)**

Alle hoërskole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.
'n Maksimum van drie skole sal in hierdie kategorie aangewys word.

| No. | Hoofaanwyser | Berekeningsmetode | Gewig |
|---|---|---|---|
| i | Algehele slaagsyfer-persentasie | Getal kandidate wat 'n slaagsyfer behaal het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | **20%** |
| ii | Slaagsyfer-persentasie in Wiskunde | Getal kandidate in Wiskunde en Tegniese Wiskunde wat 30% en hoër behaal het/Algehele getal kandidate in Wiskunde en Tegniese Wiskunde wat eksamen geskryf het x 100 | **20%** |
| iii | Gemiddelde slaagsyfer van tegniese vakke | Getal kandidate wat tegniese vakke geslaag het/Algehele getal kandidate wat tegniese vakke geskryf het x 100 | **45%** |
| iv | Deurvoersyfer | Huidige graad 12-kandidate wat vir die eksamen geregistreer het en wat geslaag het/Graad 10-groep (twee jaar gelede) x 100 | **10%** |
| v | Persentasie wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf | Getal kandidate wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | **5%** |

**Kategorie 3c: Volgehoue slaagsyfers van 95% en hoër oor 'n tydperk van vyf jaar**

Alle skole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.

Toekennings sal gemaak word aan AGT gewone openbare skole met 'n volgehoue slaagsyfer van 95% of hoër oor die afgelope vyf jaar (2019 tot 2023). Skole se kontekstuele faktore sal in ag geneem word wanneer die toekennings gemaak word.

**Kategorie 3d: Skole met 'n NSS-inskrywing van minder as 80 kandidate ('n maksimum van drie skole)**

Alle skole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.
'n Maksimum van drie skole sal in hierdie kategorie aangewys word.

| No. | Hoofaanwyser | Berekeningsmetode | Beperkings | Gewig |
|---|---|---|---|---|
| **i** | Algehele slaagsyfer-persentasie | Getal kandidate wat 'n slaagsyfer behaal het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | 'n Algehele slaagsyfer van minstens 95% in 2023 | **20%** |
| **ii** | Persentasie wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf | Getal kandidate wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureusgraad mag inskryf/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | Persentasie kandidate wat universiteits-toelating gekry het om vir 'n baccalaureus-graad in te skryf met 'n persentasie van 80% en hoër | **30%** |
| **iii** | Persentasie onderskeidings | Getal kandidate wat 80% en hoër in enige vak behaal het/Algehele getal potensiële onderskeidings x 100 | | **10%** |
| **iv** | Slaagsyfer-persentasie in Wiskunde | Getal Wiskunde-kandidate wat 30% en hoër behaal het/Algehele getal Wiskunde-kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | Persentasie kandidate met Wiskunde-slaagsyfers van 60% en hoër | **10%** |
| **v** | Deelname aan Wiskunde | Getal Wiskunde-kandidate wat eksamen geskryf het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | | **10%** |
| **vi** | Deelname aan Fisiese Wetenskappe | Getal Fisiese Wetenskappe-kandidate wat eksamen geskryf het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | | **10%** |
| **vii** | Deurvoersyfer | Huidige graad 12-kandidate wat vir die eksamen geregistreer het en wat geslaag het/Graad 10-groep (twee jaar gelede) x 100 | | **10%** |

**Kategorie 3e: Skole met 'n NSS-inskrywing van 80 of meer kandidate**

Alle skole in hierdie kategorie sal 'n sertifikaat ontvang.
'n Maksimum van 20 skole sal in hierdie kategorie aangewys word.

| No. | Hoofaanwyser | Berekeningsmetode | Beperkings | Gewig |
|---|---|---|---|---|
| **i** | Algehele slaagsyfer-persentasie | Getal kandidate wat 'n slaagsyfer behaal het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | 'n Algehele slaagsyfer van minstens 95% in 2023 | **20%** |
| **ii** | Persentasie wat universiteitstoelating gekry het en vir 'n baccalaureus-graad mag inskryf | Getal kandidate wat universiteitstoelating gekry het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | Persentasie kandidate wat universiteits-toelating gekry het met 'n persentasie van 80% en hoër | **30%** |
| **iii** | Persentasie onderskeidings | Getal kandidate wat 80% en hoër vir enige vak behaal het/Algehele getal potensiële onderskeidings x 100 | | **10%** |
| **iv** | Slaagsyfer-persentasie in Wiskunde | Getal Wiskunde-kandidate wat 30% en hoër behaal het/Algehele getal Wiskunde-kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | Persentasie kandidate met Wiskunde-slaagsyfers van 60% en hoër | **10%** |
| **v** | Deelname aan Wiskunde | Getal Wiskunde-kandidate wat eksamen geskryf het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | | **10%** |
| **vi** | Deelname aan Fisiese Wetenskappe | Getal kandidate vir Fisiese Wetenskappe wat eksamen geskryf het/Algehele getal kandidate wat eksamen geskryf het x 100 | | **10%** |
| **vii** | Deurvoersyfer | Huidige graad 12-kandidate wat vir die eksamen geregistreer het en wat geslaag het/Graad 10-groep (twee jaar gelede) x 100 | | **10%** |

## B. TOEKENNINGS AAN KANDIDATE

Alle kandidate ontvang 'n geldelike toekenning en 'n sertifikaat.

### KATEGORIE 1: VAKTOEKENNINGS AAN KANDIDATE

In hierdie kategorie word een toekenning vir elke subkategorie gemaak aan die kandidaat met die hoogste punt in die gekose vak in die provinsie, met 'n minimum punt van 80%. Elke kandidaat ontvang R6 000 en 'n sertifikaat. Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys bepaal elke jaar die vakke in Kategorie 1 waarvoor toekennings gemaak word.

**Tale:**
Uitnemendheid in Afrikaans Huistaal
Uitnemendheid in Engels Huistaal
Uitnemendheid in Xhosa Huistaal
Uitnemendheid in Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal

**Inligtingswetenskappe:**
Uitnemendheid in Rekenaartoepassingstegnologie
Uitnemendheid in Inligtingstegnologie

**Tegniese vakke:**
Uitnemendheid in Tegniese Wiskunde
Uitnemendheid in Ingenieursgrafika en Ontwerp
Uitnemendheid in 'n spesialisasievak (Siviel/Elektries/Meganies)

**Sakewetenskappe:**
Uitnemendheid in Rekeningkunde
Uitnemendheid in Besigheidstudies

**Kuns en Kultuur:**
Enige kunsvak wat deur die Minister van Onderwys gekies word (kunsvak sal aangekondig word)

**Sosiale Wetenskappe:**
Uitnemendheid in Geskiedenis
Uitnemendheid in Geografie

**Dienswetenskappe:**
Uitnemendheid in Toerisme

**Wetenskappe:**
Uitnemendheid in Fisiese Wetenskappe
Uitnemendheid in Lewenswetenskappe
Uitnemendheid in 'n landbou-vak

**Wiskunde:**
Uitnemendheid in Wiskunde

**KATEGORIE 2: UITNEMENDHEID TEN SPYTE VAN LEERHINDERNISSE**

In hierdie kategorie ontvang kandidate R10 000 en 'n sertifikaat.
Dit word toegeken aan hoogstens TWEE kandidate met spesiale onderwysbehoeftes wat die hoogste punte in hul ses beste vakke behaal het, wat aan die vereistes vir die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit) voldoen.

**KATEGORIE 3: SPESIALE MINISTERIËLE TOEKENNINGS**
In hierdie kategorie ontvang kandidate R10 000 en 'n sertifikaat.

**KATEGORIE 4: UITNEMENDE PRESTASIE IN DIE PROVINSIE**
In hierdie kategorie ontvang alle kandidate R10 000 en 'n sertifikaat.

**4a: Uitnemende prestasie in die provinsie (onafhanklike skole ingesluit)**

Dit word toegeken aan die top 20 kandidate volgens die punte wat hulle in hul ses beste vakke behaal het wat aan die NSS voldoen (twee Tale, Wiskunde en drie ander vakke, met die uitsondering van Lewensoriëntering).

**4b: Uitnemende prestasie binne die studiekonteks**

Dit word toegeken aan die top 20 kandidate volgens die punte wat hulle in hul ses beste vakke behaal het wat aan die vereistes van die NSS voldoen (twee Tale, Wiskunde en drie ander vakke, met die uitsondering van Lewensoriëntering), mits die historiese konteks van hul skole in ag geneem word.

**LET WEL:**
Die bogenoemde kategorieë word gekombineer en volgens vanne aangebied, behalwe vir die top vyf kandidate.

Onafhanklike skole: Indien die kandidate in die top drie 'n kombinasie van leerders van onafhanklike skole en gewone openbare skole is, sal die aankondigings afsonderlik gedoen word.

**Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) behou die reg om geen toekennings te maak in kategorieë waar daar geen kwalifiserende ontvangers is nie.**

**Die toekennings wat deur die WKOD gemaak word, sal gebaseer word op die NSS-uitslae wat in Januarie 2024 deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys vrygestel sal word.**